7: Die Ned Geref Kerk en die Veiligheidsmagte

7.1 Het die Ned Geref Kerk die destydse regering in die oorlog wat in die jare sewentig en tagtig op die grense van Suid-Afrika gevoer is, gesteun?

7.1.1 Die Ned Geref Kerk het deur sy optrede in die jare sewentig en tagtig laat blyk dat hy die oorlog wat op die grense van die land, en later ook in 'n sekere sin binnelands, gevoer is, as 'n geregverdigde stryd beskou het. Ds CP Naudé, kapelaan-generaal van die SA Weermag van 1983 tot 1990, skryf hieroor: "Niemand kan as gelowige 'n oorlog goedpraat nie. Die hele teorie van 'n 'just war' is baie feilbaar en word feitlik deurlopend subjektief vanuit 'n bepaalde uitgangspunt toegepas. 'n Verdedigende oorlog word egter wêreldwyd as noodsaaklik aanvaar. In die geval van Suid-Afrika is die bedreiging ook gesteun deur magte wat die Kommunistiese ekspansionisme van die Sowjet-Unie en sy bondgenoot Kuba, en andere, wou bevorder. Hierdie magte se uitgesproke ateïsme was by implikasie 'n bedreiging vir godsdiensvryheid." (In 'n skriftelike antwoord op 'n navraag, 23 Junie 1997.)

7.1.2 Ds JA van Zyl, kapelaan-generaal van 1966 tot 1983, sluit hierby aan: "Die oorlog was vir my as Christen geregverdig omdat dit volgens ons oordeel gegaan het teen 'n anti-Christelike lewensbeskouing wat die Christelike beskawing in Suid-Afrika sou uitwis of ten minste benadeel. Die oorlog het vir ons gegaan oor die behoud, voortbestaan, beskerming en uitbreiding van die Christelike godsdiens." (In 'n skriftelike antwoord op 'n navraag, 23 Junie 1997.)

7.1.3 Ds C Colyn, kapelaan-generaal van die SA Polisiemag van 1975 tot 1990, het soos volg op bostaande vraag geantwoord: "As ek terugkyk en oor die stryd van destyds 'n mening moet uitspreek, dan

besef ek dat dit 'n geweldig gevaarlike, beklemmende en vir baie mense 'n traumatiese tyd was. Ons het in ons land 'n rewolusionêre stryd beleef. Die SA Polisie het aan die voorpunt in hierdie stryd gestaan om wet en orde te handhaaf en om die 'aanslag' teen Suid-Afrika die hoof te bied. As hierdie stryd wat ons as 'n gewelddadige en bloedige 'aanslag' beleef het, nou ligtelik maar net 'n vryheidstryd genoem word, is dit 'n oorvereenvoudiging van 'n baie ingewikkelde situasie waarin baie mense, óók baie lede van die SA Polisie, die hoogste prys betaal het. Suid-Afrika was die fokuspunt en het deel uitgemaak van Kommunistiese pogings tot magsuitbreiding en wêreldoorheersing en hierdie ideologiese stryd is deur sommige Suid-Afrikaners as 'n oplossing van ons land se politieke probleme gesien.

"Omdat rewolusie en anargie met 'n hoë graad van geweld, deel uitmaak van die Kommunistiese ideologie, móés die SA Polisie teen hierdie 'aanslag' optree. Met hierdie optrede van die SA Polisie het ek my heelhartig vereenselwig en vra geen verskoning daarvoor nie. Die Kapelaansdiens het 'n geestelike rol gedurende hierdie stryd gespeel deur die geestelike weerbaarmaking van ons manne en vroue wat onder moeilike omstandighede hulle taak moes uitvoer. Ek en my kapelane het baie ná aan ons mense gestaan en deur grensbesoeke, literatuurverspreiding, geestelike optredes, besoeke aan huis van polisiemanne wat in die stryd vermink is, onderhoude en persoonlike kontak probeer om die 'seer' en 'smart' van die stryd in geestelike perspektief te plaas en die vertroosting sowel as die inspirasie van die Evangelie aan hulle oor te dra.

"Ek persoonlik het te veel polisiemanne begrawe en met die smart van bedroefde gesinne gehandel om nou 'n ander siening oor die stryd te hê." (In 'n skriftelike antwoord op 'n navraag, 20 Julie 1997.)

Van Zyl, Naudé en Colyn het as predikante van die Ned Geref Kerk in die Kapelaansdienste gedien. Hulle antwoorde op die vrae is hulle persoonlike standpunte.

7.2 Was die kapelaans-generaal, bewus van koverte bedrywighede van die Weermag/ Polisiemag?

7.2.1 Van Zyl verklaar: "Ek was nie bewus van onchristelike en mensvernietigende en Christelik-ongeoorloofde koverte bedrywighede in die RSA nie. Ek sou beslis my stem daarteen verhef het as dit tot my kennis gekom het."

7.2.2 Naudé skryf: "Omdat die 'moet weet'-beginsel in die SAW soos in alle effektiewe magte streng gehandhaaf is, is die kapelaan-generaal, per definisie, nie betrek by die beplanning en uitvoering van koverte operasies nie. Ek was dus onbewus daarvan.

"Die koverte bedrywighede wat die afgelope tyd by die Waarheids-en-versoeningskommissie 'geopenbaar' word, kan moeilik beoordeel word omdat die beskuldigings, tot dusver in elk geval, nie getoets is nie en nie eintlik die SAW raak nie. Waar SAW-lede wel in 'n hof aangekla is, is hulle onskuldig bevind."

7.2.3 Colyn skryf: "Indien ek geweet het van koverte bedrywighede van die Polisiemag, sou dit nie meer koverte bedrywighede gewees het nie. Elke land ter wêreld se veiligheidsdienste het koverte bedrywighede. Veral as 'n land se voortbestaan bedreig word en gebeur wat in Suid-Afrika gebeur het, is koverte bedrywighede noodsaaklik. Omdat ek die noodsaaklikheid van koverte bedrywighede in 'n bedreigde situasie besef, het ek dus geen beginselbeswaar daarteen nie. Onregmatige optredes deur individuele lede van die Polisiemag, soos tans beweer word, is nie noodwendig deel van koverte bedrywighede nie. Daar moet volgens my mening gewaak word teen veroordeling van 'n ganse Polisiemag as, na bewering, individuele lede van die Mag hulle perke oorskry het. Die bewerings teen lede van die Mag dat hulle hulle skuldig gemaak het aan sekere vergrype, indien dit waar sou wees, is jammer. Indien ek wel ingelig sou gewees het en ongeoorloofde optredes, soos nou beweer word, aan my bekend sou gewees het, sou ek nie geskroom het om my Christelike getuienis te lewer nie.

"Dit is tog jammer dat dit wil voorkom asof ook die kerk in sy houding en standpuntstelling hom laat meevoer het deur die sensasionele wyse waarop berigte van beweerde vergrype deur lede van die Polisie deur die media oorgedra word, sonder dat dié bewerings deur kruisondervraging en getuienislewering getoets kon word."

7.3 Het die Kapelaansdiens sy profetiese taak in en teenoor die Weermag/Polisiemag nagekom?

7.3.1 Van Zyl: "Die Kapelaansdiens het gedurig gepoog om sy profetiese verantwoordelikheid na te kom deur die geestelike, godsdienstige versorging van die lidmate van alle kerke deur Woordverkondiging, lesings en allerlei kerkerkende gebruike om lidmate geestelik toe te rus.

"Verder het die Kapelaansdiens ook waar dit prakties moontlik was, uitgereik na die sogenaamde vyand oor die grense heen, in gevangenisse en hospitale, en so meer.

"Die Kapelaansdiens het as projek gehad die verspreiding van die Bybel in al die lande waar die Weermag opgetree het. So is duisende der duisende Bybels byvoorbeeld in Angola en die destydse Suidwes-Afrika versprei.

"Ek het as kapelaan-generaal, soos die meeste kapelane, nooit enige wapen gedra nie."

7.3.2 Naudé: "Beslis, ja! Ons eie lede sowel as krysgevangenes is versorg sowel as vermaan. Almal wat met ons in gesprek wou tree, is te woord gestaan.

Waar ons verkeerd was, het ons opgetree, en waar ons moes teregwys, is nie geskroom om dit te doen nie.

"Alle kerke, groepe en individue wat bedenkings oor die Kapelaansdiens of die SAW uitgespreek het, is die geleentheid gebied om persoonlik kennis te maak met ons werk en die bediening van die Kapelaansdiens op alle vlakke – tot in die operasionele gebied – is aan hulle bekend gestel. Alle probleme is openhartig bespreek, vrae sover moontlik beantwoord en kontak met hulle eie lidmate is op alle vlakke moontlik gemaak. Om dit te kon doen, het ons deurlopend die ondersteuning en logistiek van die SAW benut.

"Samevattend wil ek graag beklemtoon dat die primêre doelwit van die Kapelaansdiens die verkondiging van die Woord van God was, en dan aan mense wat buite bereik van hulle eie gemeentes en Woordbedienaars gewerk het. Die Kapelaansdiens se werksaamhede was deurgaans ooreenkomstig hierdie primêre doelwit ingerig en deurlopend is daarteen gewaak om enigsins polities betrokke te raak."

7.3.3 Colyn: "Hierop kan ek met 'n skoon gewete voor die Here ja antwoord. Al my kapelane was in programme van geestelike versorging van lede van die SA Polisie betrek. Kapelane is deur bevelvoerders ingeskakel in die daaglikse werksaamhede van die Polisiemag om geestelike insette te lewer. Persoonlik het ek al die jare as kapelaan-generaal volle sitting in vergaderings van die Generale Staf gehad en was ek op baie bestuursvlakke betrek by die Mag se werksaamhede. Godsdiens het 'n belangrike plek in die program van die Polisiemag ingeneem. Omdat polisiewerk nie maklike werk is nie, maar uiters gevaarlike en spannende werk is wat dikwels onder die grootste mate van provokasie gedoen moes word, het ons as predikante 'n belangrike taak gehad om uit te voer, naamlik om oral met die boodskap van die Evangelie 'n inset te lewer.

"Indien ons ooit gedurende my meer as twintig jaar in die Mag deur iemand aan bande gelê sou gewees het en ons verhinder sou gewees het om die Evangelie van Jesus Christus aan almal onbevange te verkondig, sou ek die kerk in my verslae daarvan bewus gemaak het. Ons, ek en my kapelane, het ons profetiese verantwoordelikheid na die beste van ons vermoë en met die hulp en genade van ons hemelse Vader nagekom. Ek loof Hom vir dié voorreg."